

## Grasperke suip water



'n Groot hoeveelheid waardevolle drinkwater kan gespaar word deur alternatiewe waterhulpbronne vir die besproeiing van jou grasperk te gebruik. Dit is egter raadsaam om jou grasperk so klein as moontlik te hou om water te spaar.

Bepaal hoe 'n groot grasperk jy werklik nodig het, en dan sal jy waarskynlik vind dat jy die gebied kan kleiner maak sonder om jou genot daarvan te verminder. Dit sal 'n baie goeie idee wees aangesien jy jou waterverbruik kan verminder deur plaveisel, gruis of beide aan te bring, veral waar mense dikwels loop.

## Let asseblief



Boorgat-/putwater en ander alternatiewe bronne is slegs vir nie-drinkbare water. As gevolg van gesondheidsrisiko's en gehaltestandaarde word die huishoudelike verbruik daarvan onder geen omstandighede toegelaat nie.

## Slot



Water is 'n strategiese, kosbare en skaars hulpbron en dit is die verantwoordelikheid van al die inwoners van Kaapstad om so min as moontlik water in ons tuine te gebruik en alternatiewe waterhulpbronne soos boorgate en putte, hergebruik van gryswater, opvang van reënwater en waterwyse tuinpraktyke te oorweeg in 'n poging om ons kosbare drinkwater te bewaar.



**Wees wys!**



**Red ons stad!**



**Red ons omgewing!**



**Spaar drinkwater!**



**Wees deel van die oplossing en installeer vandag nog 'n alternatiewe water hulpbron!**

## Nuttige inligting



### STAD KAAPSTAD-HULPSENTRUM

Tel: 0860 103 089

Wenke en inligting oor waterbewaring, alternatiewe watergebruik, gebarste en verstopte pype en oortredings van die Waterverordening

### BOORGATWATER-VERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Tel: 011 447 0851

Lys van boorgatkontraakteurs in jou omgewing

### DEPARTEMENT WATERWESE

Tel: 012 336 8125/8046

Inligting oor gehalte van waterdraer/grondwater

### KIRSTENBOSCH BOTANIESE TUIN

Tel: 021 799 8783

Wenke/inligting oor waterwys tuinmaak

### WATERVERORDENING

Staatskoerant 6378: 01/09/06

### ANDER PAMFLETTE IN HIERDIE REEKS:

- Boorgate/putte (pamflet no 2 van 4)
- Hergebruik van gryswater (pamflet no 3 van 4)
- Opvang van reënwater (pamflet no 4 van 4)

**Stad Kaapstad-hulpentrum:  
0860 103 089**

SMS: 31373 (maks 160 karakters)

E-pos: [WaterTOC@capetown.gov.za](mailto:WaterTOC@capetown.gov.za)



CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

HIERDIE STAD WERK VIR JOU

# WATER EN SANITASIE



CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

HIERDIE STAD WERK VIR JOU

## INLEIDING



**Alternatiewe waterhulpbronne**

Pamflet no 1 van 4



**Wees deel van die oplossing  
Ons water, ons trots**

## Inleiding

Water is 'n skaars hulpbron in ons land en daar word voorspel dat die Wes-Kaap die eerste streek sal wees wat sonder water is tensy stappe gedoen word om die vraag na water doeltreffender te bestuur.

Die Stad Kaapstad het in die ontwikkeling van 'n omvattende strategie vir waterbewaring en aanvraagbestuur belê, waarvolgens hy die behoefte aan die bevordering van alternatiewe waterhulpbronne en –tegnologieë geïdentifiseer het, in die besonder grondwaterbronne.

### Het jy geweet?

Ons tuine verbruik tussen 30% en 50% van alle huishoudelike water wat gebruik word. Die gebruik van alternatiewe waterhulpbronne vir besproeiing sal die druk op ons drinkwaterbronne verlig.

## Boorgate/putte ("wellpoints")

Boorgate/putte in tuine speel 'n belangrike rol in die stad se watervoorsieningsinfrastruktuur. Deur private boorgate/putte vir besproeiing te gebruik, word die las op die stad se watervoorsiening verlig, terwyl dit 'n aansienlike water- en finansiële besparing beteken en ook waarde tot jou eiendom toevoeg.

Grondwater in die stad word hoofsaaklik vir tuinbesproeiing en die volmaak van swembaddens gebruik. In laasgenoemde geval moet die water eers getoets word om te kyk of dit daarvoor geskik is.

Die grootste deel van die Wes-Kaap het 'n relatief goeie ondergrondse watervoorraad en dit is dus maklik om 'n plek vir 'n boorgat of put te kry wat genoeg water vir gebruik in 'n huishoudelike tuin sal verskaf.

Aangesien Kaapstad sy reën hoofsaaklik in die winter kry, maak dit hom 'n ideale kandidaat vir die onttrekking van grondwater gedurende die warm en droë somermaande.

Nog inligting oor boorgate/putte is beskikbaar in ons tweede pamflet in die reeks.

- 1 Gryswater kan met sukses vir tuinbesproeiing gebruik word.
- 2 5 mm reën op 'n dak van 100 m<sup>2</sup> beteken 500 liter water.
- 3 Plante wat minder water nodig het, het vaal, wasagtige of harige blare met baie olie in hul blare.
- 4 Die grootste deel van die Wes-Kaap het 'n relatief goeie ondergrondse watervoorraad en dit is dus maklik om 'n plek vir 'n boorgat of put te kry wat genoeg water vir gebruik in 'n huishoudelike tuin sal verskaf.

## Hergebruik van gryswater

Gryswater is die water afkomstig van baddens, storte en handwasbakke. Afvalwater van kombuiswasbakke en wasmasjiene (tensy omgewingsvriendelike wasmiddels gebruik word) word uitgesluit vanweë die hoë vastestof-inhoud en negatiewe impak van versagmiddels en ander ongewenste chemikalieë op die omgewing.

Gryswater kan met sukses vir tuinbesproeiing gebruik word. Daar is baie gryswaterstelsels op die mark, waarvan sommige baie ekonomies is en maklik om te installeer.

Nog inligting oor die hergebruik van gryswater is beskikbaar in ons derde pamflet in die reeks.



## Opvang van reënwater

Versamel en gebruik jou eie water deur reënwater op te vang, en sorg so vir 'n versekeringspolis teen korttermyn-wateronderbrekings. 5 mm reën op 'n dak van 100 m<sup>2</sup> beteken 500 liter water.

'n Reënwaterrenk kan gebruik word om die tuin te besproei, op te was, skoon te maak, die toilet te spoel en die swembad vol te maak. Pype kan aangelê word sodat reënwater in die toiletspoelbak inloop om so die geweldige hoeveelheid water wat daagliks vir die spoel van die toilet gebruik word, te verminder.

Daar is dalk meer voordele aan die gebruik van reënwaterrenke in somerreënvalgebiede as in winterreënvalgebiede. In winterreënvalgebiede kan 'n renk van 5 000 ℓ wat hoofsaaklik vir die spoel van die toilet gebruik word, egter steeds 'n jaarlikse besparing van 15% teweegbring.

Nog inligting oor die opvang en gebruik van reënwater is beskikbaar in ons vierde pamflet in die reeks.

## Waterwys tuinmaak

Soveel as 40% tot 60% van al die water wat in die huis gebruik word, word deur die tuin verbruik. Dit is behandelde drinkwater (waarvan die suiwing geld kos) en ons moet dus ernstig besin oor die gebruik van 'n alternatiewe waterhulpbron in die tuin.

Deur grondwater en ander alternatiewe waterbronne met waterwys tuinmaak te kombineer, kan jy heelwat water spaar. Indien jy inheemse plante en blomme in jou tuin plant, sal jy minder water benodig, byna geen bemestingstowwe of onkruidodders benodig nie, en dit sal die hele jaar deur mooi lyk.

Die Stad Kaapstad bring ook sy kant in 'n poging om water te bewaar. Stadsparre is besig om die tuine by verkeerseilande, kruisings en ander fokusgebiede te verander deur geharde, inheemse en immergroen gewasse te plant wat permanent mooi op die oog is en minimale water en instandhouding verg, en so die Stad miljoene rande spaar.

Ten einde water in die tuin te bespaar en steeds 'n mooi prentjie te vorm, moet plante wat lang tydperke sonder water kan oorleef, saam gegroepeer word.

Kompos en 'n deklaag twee maal per jaar sal sorg dat water doeltreffend opgeneem word, die plante gelukkig is en die grondvog help behou. Klippe en skulpe kan gebruik word as sterk winde die bas wegwaai.

Waterwys plante kan gewoonlik aan hul blare uitgeken word. Plante wat minder water nodig het, het grys, wasagtige of harige blare met baie olie in hul blare.